HOOP IN HANDELINGE

PINKSTER 2023

Deur dr Pieter van Jaarsveld
Bloemfontein

Hierdie reeks is op versoek van CLF geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld, emeritus leraar van Bloemfontein en vorige moderator van die NG Kerk Vrystaat.

Dit is besonders dat die reeks versorg is deur sy seun, dr Mias van Jaarsveld, wat onlangs aangestel is as redakteur by CLF.

Dr Gideon van der Watt (CLF Redakteur)

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

INHOUDSOPGAWE:

Voorwoord

1. Ons hoop in die hemelvaart van Christus
2. Ons hoop lê in die vervulling met die Heilige Gees
3. Ons hoop lê daarin dat die Heilige Gees mense verander
4. Ons hoop dat die Heilige Gees ‘n gemeente verander
5. Ons hoop dat die negatiewe ook positief kan wees
6. Ons hoop dat die Here gebede verhoor
7. Ons hoop dat God ons enige plek kan gebruik

VOORWOORD

Net voor sy se hemelvaart, belowe Jesus: “Ek sal julle nie soos weeskinders agterlaat nie. Julle sal my Gees ontvang” (Joh 14:18). Al het die dissipels op hierdie stadium nog nie alles verstaan nie, het hulle trou gebly aan Jesus en aan mekaar. Hulle kies ‘n nuwe dissipel (Hand 1:26) en hulle bid met die hoop dat Jesus sy Gees sal stuur soos Hy beloof het. Tien dae later, terwyl hulle bid, het daar ‘n geluid soos ‘n kragtige stormwind opgeklink en die vertrek waarin hulle was gevul. Daar verskyn toe iets soos vuurtonge op elkeen, en hulle is met die Heilige Gees vervul (Hand 2). Op Pinkstersondag – met die krag van wind en vuur – word die kerk gebore. Die dissipels se geloof was nie tevergeefs nie; hulle het nie verniet gehoop nie. Hulle sou verder bekendstaan as “apostels”, wat “gestuurdes” beteken.

As mens deur die boek Handelinge blaai, is daar talle stories van hoop; verhale van gewone mense wie se lewens op ‘n buitengewone manier verander is; verhale van mense wie se geloof nie tevergeefs was nie. Ons lees van wonderdade, genesing, mense wat in tale praat, mense wat handomkeer verander het, gemeenskappe wat saamstaan, en individue wat buitengewone krag, wysheid en waagmoed ontvang het om ‘n getuienis te lewer. Die gemene deler is die Heilige Gees. Die Gees vul ons, dring ons, verander ons, dra ons, troos ons, help ons, lei ons, leer ons. Die Heilige Gees wat op Pinkster uitgestort is, is die Bron van ons hoop. Dit is dalk goed om te onthou dat die Heilige Gees in Handelinge verstaan word as die Gees van die opgestane Christus. Dis Hy, die opgestane Jesus, wat self deur die Gees teenwoordig is en sy kerk vestig. Hierdie verhale word ook óns verhale – dit is dieselfde Gees wat vandag nog werk, dit is dieselfde evangelie wat ons verkondig, dit is dieselfde Christus aan wie ons vashou.

Die naam van hierdie Pinksterreeks is “Hoop in Handelinge”. In die reeks gaan ons opnuut kyk na sewe tekste in Handelinge. Ons gaan na die agtergrond van elke teks kyk en onsself afvra hoe dit ons – die kerk – vandag help. Ons waag dit om te sê dat dit verhale van hoop is, al te bewus dat elkeen ‘n ander definisie vir hoop het. In hierdie reeks sê ons:

Hoop sê: Maak nie saak wat gebeur nie, ons behoud is vir die Here belangrik.
Hoop sê: Ons is nie alleen nie – die Here laat ons aan ons eie lot oor nie.
Hoop sê: Ons word nie sonder toerusting of hulp in die wêreld ingestuur nie.

Met die uitstorting van die Heilige Gees kom gee God Hom nóg ‘n keer aan die wêreld. Ons hoop lê daarin dat ons God – ten spyte van ons rebelsheid en self-gerigtheid – ons aanhoudend nader trek en ons daaraan herinner dat ons sy kinders is.

Alle skrifgedeeltes, tensy anders aangedui, is aangehaal uit die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel.

Pieter en Mias van Jaarsveld

BOODSKAP 1: ONS HOOP IN DIE HEMELVAART VAN CHRISTUS

SKRIFLESING: HANDELINGE 1:1-11

[1]My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af [2]tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het. [3]Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. [4]Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. [5]Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word."[6]Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?"[7]Hy het hulle geantwoord: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. [8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." [9]Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. [10]Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. [11]Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."

INLEIDING

Vraag 49 van die Heidelbergse Kategismus vra: *"Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?"* Op Hemelvaartsdag dink ons na oor hierdie vraag: Kan daar enige voordeel vir ons wees dat Jesus van ons geskei is en hemel toe gegaan het? Hierdie vrae verwoord op 'n manier iets van die vrae – of dalk die verwarring – wat in die apostels se harte was toe Jesus vir hulle gesê het dat Hy teruggaan na sy Vader toe. In Johannes 16:7 sê Jesus baie duidelik: "*Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees*, *nie na julle toe kom nie, maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur."*

"*Dit is tot julle voordee*l..." sê Jesus. Tog vra ons saam met die Kategismus en wonder ons saam met die Twaalf: Hoe kan dit goed wees? Wat is die nut? Hoe gee die Hemelvaart van Jesus Christus vir ons hoop?

Dít is die vrae wat ons moet probeer antwoord.

ONS HOOP IN DIE HEMELVAART VAN JESUS CHRISTUS

Op die vooraand van sy kruisiging het Jesus 'n tipe afskeidsgesprek met sy dissipels gehad. Gaan lees gerus die verloop van hierdie gesprek in Johannes 14 tot 16. As mens na die inhoud daarvan kyk, is dit duidelik dat die dissipels nie verstaan het wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het dat Hy "*weggaan na sy Vader toe*" (Joh 16:7) nie. Hulle sien nog nie die groter prentjie raak nie. Hulle begryp nog nie dat Jesus se bediening op aarde net tydelik is nie. Jesus verseker sy dissipels egter dat sy weggaan eintlik goed is. Net voor sy hemelvaart in Handelinge 1 doen Hy dit weer.

Maar wat sê Jesus? Waarom is dit goed dat Hy weg gaan?

1. Hy word ons Voorspraak in die hemel

Die dissipels was baie ontsteld toe Jesus gesê het dat Hy na sy Vader toe teruggaan. Jesus begin die gesprek met die woorde: "*Julle moenie ontsteld wees nie …"* (Joh 14:1). Dié woorde het nie veel gehelp nie. Tomas vra byvoorbeeld in vers 5: *"Here, waarheen gaan U gaan? En hoe gaan ons weet waarheen om te gaan as U weg is?"*(vrye vertaling). In hierdie stuk is dit duidelik: die dissipels is verward. Dit is toe dat Jesus hulle probeer oortuig dat sy weggaan eintlik vir hulle goed is. Hy sê vir hulle dat sy lewe op aarde klaar is; die taak waarvoor Hy gekom het afgehandel is. Sy woorde aan die kruis bevestig dit: "*Tetelesthai … dit is volbring"* (Joh 19:30). Verlossing is vir ons verkry – dit is afgehandel. Hy sê vir hulle: Nou gaan Ek terug na my Vader toe. Ek *moet* gaan. Ek gaan om vir julle plek gereed te maak. Ek gaan om julle Voorspraak te wees – om vir julle by die Vader in te tree.

Jesus sê sy teenwoordigheid in die hemel is tot hulle voordeel, maar die dissipels skop vas.

2. Hy verseker ons van ons ewige toekoms

Jesus gaan toe voort. Hy probeer om sy dissipels te troos wanneer Hy sê dat die skeiding hulle nie hartseer of moedeloos moet maak nie. In Johannes 14:3 sê Hy: "*...as Ek gegaan en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem sodat julle ook kan wees waar Ek is."* Sy weggaan is nie vir ewig nie – Hy gaan om plek gereed te maak. Wanneer die tyd dan reg is sal Hy weer terugkom om ons te kom haal. Op hierdie stadium voel alles vir die dissipels so onwerklik. Hierdie gesprek het hulle onkant gevang en hulle verstaan nog steeds nie wat aangaan nie. Weereens sê Jesus: *"Moenie ontsteld wees nie...moenie bang wees nie"* (Joh 14:27).

Dink bietjie hieroor na: terwyl hulle geliefde Leermeester tussen hulle staan, sê Jesus aan sy dissipels dat hulle paadjies binnekort gaan skei en dat dit goed vir hulle sal wees. Hy belowe egter ook dat dit net vir *'n klein rukkie* sal wees en dat Hy weer terug sal kom. In Johannes 16:16 sê Jesus: "*Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien."* Die dissipels draai toe verward na mekaar en vra: Wat beteken dit? Hoe lank is *'n klein rukkie*? Ons verstaan nie! (sien Joh 16:17). Die dissipels se reaksie is seker te verstane. Vandag nog wonder ons oor daardie "*kort tydjie"* waarvan Jesus gepraat het. Daar het immers al tweeduisend jaar verbygegaan. Oorspronklik het Jesus sy dissipels probeer troos met hierdie woorde, maar hoe troos hierdie woorde ons vandag?

Wanneer ons oor Jesus se belofte nadink – die belofte dat Hy plek gereed gaan maak, terug sal kom, en ons sal vat na waar Hy is (Joh 14:3) – kan ons dalk troos vind in die feit dat God anders oor tyd dink as ons. Petrus skryf *"...vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag*" (2 Pet 3:8). Miskien lê ons troos ook daarin dat God nie Jesus se wederkoms onnodig sal uitstel nie; dit sal net soos sy eerste koms gebeur op die oomblik wat God self bepaal het (Gal 4:4). Wanneer Jesus sy belofte maak, word 'n Griekse woord gebruik wat ook met "*pand"* of "*onderneming*" (of "pledge") vertaal kan word. Dus onderneem Jesus dat Hy weer sal kom. Die waarborg van hierdie belofte lê opgesluit in die feit dat Jesus as mens die mensdom in die hemel verteenwoordig. Jesus het nooit sy menslike natuur prysgegee nie en op daardie manier word mense nie net in die hemel verteenwoordig nie, maar word mense se toekoms in die hemel ook daardeur verseker. Tot op die dag wat God se nuwe wêreld aanbreek, kan ons vashou aan die wete dat mense vir God belangrik is, want daar is 'n Mens in die hemel. Trouens, Jesus se teenwoordigheid in die hemel waarborg ook ons toekoms en deelname in sy nuwe wêreld.

3. Hy maak ons deel van sy werk

In die *kort rukkie* voordat hierdie nuwe wêreld aanbreek mag ons egter nie net sit en wag nie. Nee, met Jesus se oorwinning aan die kruis word ons ook as medewerkers aangestel wat die werk wat Jesus begin het klaar moet maak. Volgens Matteus het Jesus tydens die hemelvaart die opdrag gegee: *"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het"* (Mat 28:19-20). In Handelinge lees ons dat Jesus die dissipels aangestel het om sy "*...getuies (te) wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld*"

(Hand 1:8). Daar is nog baie werk wat in hierdie "klein rukkie" gedoen moet word. Gelukkig hoef hulle nie hierdie taak alleen aan te pak nie.

4. Hy gee die Heilige Gees as waarborg

Hoe bring 'n mens die hartseer van Jesus se weggaan met die werk wat nog gedoen moet word bymekaar? Onderliggend in al die gesprekke oor sy weggaan, kom gee Jesus vir sy dissipels die belofte dat Hy hulle nie alleen sal laat nie. Die woorde wat ons onder andere in Johannes 16:7 hoor, word in die gesprek eintlik 'n paar keer herhaal: "*Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur."* In die 2020-vertaling van die Bybel, word die woord "Parakleet" gebruik – 'n woord wat ons nie regtig ken of gebruik nie, maar wat verwys na 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster, en Iemand wat geroep is om bystand te verleen. Jesus het die besorgdheid en moedeloosheid van sy dissipels raakgesien. Hy troos hulle egter met nog 'n belofte: Julle sal nie alleen wees nie! Ek stuur vir julle 'n helper en 'n trooster, ek stuur my Heilige Gees, en *"...julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees …"* (Hand 1:8).

Tydens die hemelvaart mag dit dalk lyk of Jesus ons verlaat het, maar dan kan ons onthou: Jesus los ons nie alleen nie. Jesus het sy belofte nagekom: die Heilige Gees het op Pinksterdag gekom. Die koms van die Heilige Gees beteken vir ons hoop en troos, hulp en krag om ook Jesus se werk klaar te maak en die groot opdrag uit te voer: om dissipels te maak, om getuies te wees, en om sy lig te bring tot in die uithoeke van die wêreld. God het ons genoegsaam toegerus vir hierdie werk. Hy woon in ons deur die Heilige Gees en Hy rus ons ook met sy gawes toe om hierdie werk te kan doen. Soos Jesus se dissipels deins ons so maklik terug as ons dié dinge hoor. Maar dan moet ons onsself herinner aan ons hoop en die dinge waaraan ons kan vashou. Paulus skryf in 2 Korintiërs 5:5: "*As **waarborg** hiervan het Hy ons sy Gees gegee."* Hy skryf ook in 2 Korintiërs 1:22: "*Die Heilige Gees is in ons harte gegee **as waarborg** van wat ons nog sal ontvang."*

TEN SLOTTE

Hoe help hierdie boodskap ons vandag? Die gedagte dat Jesus sy dissipels "verlaat" met sy hemelvaart is iets waarmee ons ook gereeld gekonfronteer word wanneer dit swaar gaan. Baie mense kyk na al die lyding rondom hulle en vra: Het Jesus ons gelos? Christene vra maklik: Here, hoekom lyk die wêreld so? Maar Jesus se respons sou wees: Ek kan vir julle (die kerk) dieselfde vraag

vra! Jesus se woorde en opdrag vandag herinner ons dat die verlossingswerk afgehandel is, maar die verantwoordelikheid om uit te gaan en ‘n verskil te maak aan ons behoort. Gelukkig is ons nie alleen nie – die Heilige Gees leef in elkeen van ons wat glo.

GEBEDSRIGLYNE:

- Dank die Here vir die “voordele” wat daar in sy hemelvaart opgesluit lê.
- Bid dat die Heilige Gees ons sal motiveer, toerus en gebruik om getuies in die wêreld te wees.

BOODSKAP 2: ONS HOOP LÊ IN DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES

SKRIFLESING: HANDELINGE 2:1-11, 37-38

[1]Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. [2]Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. [5]Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. [6]Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. [7]Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. [8]Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? [9]Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, [10]Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, [11]Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het."

[37]By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?" [38]Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.

INLEIDING

Ons leef in 'n land vol mense met diverse talente. Ons het goeie dansers, kunstenaars, sangers, sportmanne en -vroue. Om talentvol te wees is goed, maar mens kan nie net op jou talente steun nie. As jy jou talente wil ten toon stel, mededingend op die sportveld wil deelneem, of op 'n verhoog wil optree, sal jy definitief die hulp van 'n goeie afrigter moet inroep. Jy gaan ook moontlik met 'n span mense met dieselfde of ander talente saam moet werk en jy sal genoeg moet oefen om seker maak dat jy gereed is vir die kompetisie of wedstryd. In 'n sekere sin kan ons dieselfde van die kerk sê. Die kerk het 'n groot roeping en daar is soveel uitdagings. Daar is soveel geleenthede waar die kerk 'n impak kan maak en plekke waar gelowiges kan "deel neem". Daar is ook 'n verskeidenheid mense met verskillende talente en gawes. Maar om werklik 'n impak te maak, moet gelowiges hul geloof sáám beoefen en ook luister na die stem van die afrigter.

Pinksterdag is die geboorte-uur van die kerk. Die Heilige Gees is uitgestort in die lewens van dié wat in Jesus Christus as hulle Verlosser glo. Hierdie was 'n baie dramatiese gebeurtenis – mense het

verwonderd gekyk na die apostels en menselewens het vir altyd verander nadat hulle tot bekering gekom het en die Heilige Gees ontvang het. Hierdie gelowiges is met die bande van God se liefde deur die Heilige Gees saamgebind en so het dit eintlik hemel op aarde geword. Dáár het die werk van die kerk begin. Dáár is die dissipels toegerus om met hulle werk te begin. Na Petrus se boodskap in Handelinge 2 het drieduisend mense tot bekering gekom en in die daaropvolgende dae het daar nog tweeduisend mense bygekom. Elkeen is met die Heilige Gees gevul en elkeen het ook 'n gawe ontvang om doeltreffend in die kerk te dien – om in tale te praat was maar net een van 'n hele reeks gawes. Die Gees het met soveel krag in die gelowiges geleef en gewerk dat die heidene verbaas gestaan het oor die wonders wat voor hulle oë plaasgevind het.

Die vraag nou is: hoe help hierdie verhaal die kerk vandag?

ONS HOOP LÊ IN DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES

Met Pinkster breek daar 'n nuwe hoofstuk in God se plan aan. Met Jesus se koms na die aarde, bewys Hy God se bemoeienis met die mens – *Hy is die God met ons*. Met Jesus se kruis en opstanding, oorwin hy die dood en so ook die houvas van sonde oor ons lewe – *Hy is die God vir ons*. Omdat Christus se werk op aarde voltooi is, het Hy hemel toe gevaar en sy Heilige Gees gestuur. Nou word God se teenwoordigheid nie meer ingeperk tot een plek nie – *Hy is nou die God in ons*. Deur die Heilige Gees kan God nou oral en deur enigeen werk. God se werk is nog nie afgehandel nie, maar met die hulp van die Heilige Gees word dit voortgesit en afgerond. Dié keer doen God dit deur óns – sy kinders; deur elkeen wat hom- of haarself 'n Christen noem.

1. Alles verander met Pinkster

Jesus het voor sy hemelvaart reeds belowe dat Hy ons nie sonder toerusting die wêreld sou instuur om sy werk klaar te maak nie. In Markus 16 sê Jesus dat Hy ons op bonatuurlike maniere gaan help. Ons sal die vermoë ontvang om wondertekens te doen. *"...in my Naam sal hulle demone uitdrywe; in ander tale sal hulle praat... hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word"* (Mark 16:17-18). Jesus maak die belofte dat gelowiges toegerus sal word met sekere bonatuurlike gawes met die einddoel om die kerk en die koninkryk te dien. Op Pinksterdag – met die uitstorting van die Heilige Gees – gebeur daar toe ongelooflike dinge; dinge wat nog nooit van tevore gebeur het nie. Gewone mense, gevul met die Heilige Gees, begin getuig, in tale praat, en wonders doen. Dit is die bevestiging dat Jesus sy belofte nagekom het. Kan jy dink hoe dit die vroeë kerk sou bemoedig het?

2. Deur gawes doen ons God se werk

Wanneer dit by gawes kom, is ons maar bietjie skugter. In die Nuwe Testament is gawes egter 'n algemene tema. Paulus skryf in sy briewe dat daar 'n verskeidenheid genadegawes is (afgelei van "charismata" wat "geskenke" beteken), maar herinner hulle dat dit van dieselfde Gees af kom (1 Kor 12:4-6). Party het wysheid en ander het kennis, party het geloof en ander kan genees, party kan profeteer en ander kan onderskei, party kan in tale praat en ander kan dit uitlê (1 Kor 12:8-10). In 1 Korintiërs 12:7 skryf Paulus: "*Aan elkeen word 'n werking van die Gees gegee."* Die gedagte word in Efesiërs 4:7 herhaal: "*Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee."* Petrus sluit by Paulus aan wanneer hy in 1 Petrus 4 aan sy lesers skryf dat *elke* gelowige, as 'n uitvloeisel van God se veelvuldige genade, genadegawes ontvang het om ander daarmee te dien. Die doel van die gawes is om te bind en byeen te bring – nie om verdeeldheid te saai nie. Daarom waarsku Paulus ook dat wanneer ons ons gawes vir eie gewin of sonder liefde inspan (1 Kor 13:1-3), dit doelloos en leeg is.

Paulus waarsku ook teen mense wat beweer dat hulle nié genadegawes ontvang het nie – dít sou bloot 'n verskoning vir ongehoorsaamheid wees. God het aan jou gawes gegee en Hy verwag dat jy dit tot sy eer sal gebruik. Wanneer Paulus in 2 Korintiërs 5:10 oor ons verskyning voor die regterstoel van God praat, hoor ons dat ons oor hierdie saak ook rekenskap sal moet gee: *Wat het jy gemaak met die gawes wat God vir jou gegee het om Hom mee te dien?* Ons het nie almal dieselfde of dieselfde hoeveelheid gawes ontvang nie, maar ons hét almal gawes ontvang. Dit is 'n feit. God het gawes aan elkeen van sy kinders gegee om saam te werk sodat sy koninkryk sal kom.

Wanneer daar gelowiges is wat nie hul gawes gebruik nie, word God se Naam nie geëer nie, bly God se werk agterweë en sulke mense bedroef God. Sulke mense is gewoon ongehoorsaam en hulle belemmer die kerk se roeping in die wêreld. Sulke mense werk nie mee aan die koms van God se koninkryk nie. Dis soos 'n speler in 'n sportspan wat nie sy kant bring nie – op uiteindelik moet die res van die span daarvoor opmaak. Jesus praat juis in sy gelykenis oor die talente hieroor – die gelykenis waar die diensknegte hul talente en gawes "begrawe" het (Mat 25:14-30). Sulke mense kan ook nie geestelik groei nie, want dit is juis hulle besig-wees met die gawes waarmee God hulle geseën het, dat hulle groei in hul verhouding met Hom en ook met mekaar.

Wat lees ons? God kan die gawes wat Hy vir jou gegee het wegneem en vir ander gee wat hulle verantwoordelikheid nakom. Hoekom kan ons dit sê? As jóú gawe nodig is sodat die werk gedoen kan word en jy is nie daar waar God wil hê jy moet wees nie, neem Hy dit van jou weg en gee dit vir

iemand anders wat wíl werk. Vir God is die koms van sy koninkryk en die redding van mense belangriker as iemand wat ongehoorsaam is.

3. Hoe lyk jóú lewe?

Dalk moet jy hier na binne kyk en jouself afvra:

Wat gaan op die oomblik in jou hart aan?

Glo jy wat die Woord van God sê?

Glo jy wat op Pinksterdag gebeur het?

Glo jy dat God deur sy Gees in elkeen van sy kinders kom bly het?

Glo jy dat Hy vir elkeen van ons gawes gegee het?

Kom ons oordink die vrae vir 'n oomblik.

As ons glo dat God sy Heilige Gees in die lewens van sy kinders gegee het, waarom lyk dinge soos wat dit lyk? Waarom sukkel die kerk van Jesus so? Waarom is dit maar net altyd dieselfde mense wat oral betrokke is? Waarom is daar lidmate wat nêrens te sien is nie? Ons hoor so dikwels: "*Ek het nie nou tyd nie", "die lewe is te swaar", "God sal dit nooit van 'n mens verwag nie", "julle probeer ons net bang maak", "ek sal op my eie geloof gered word", "ek hoef nie na jou te luister nie,"" ek glo in 'n God van liefde …"* Dit mag alles waar wees, maar wat ons moet weet is dat ons elkeen een of ander tyd sal moet rekenskap gee van wat ons ontvang het en daarom is dit belangrik dat ons ons harte altyd sal ondersoek.

TEN SLOTTE

Op Pinksterdag het God by sy kinders kom bly. Hy het ín hulle kom bly. Wat beteken dit vir ons? Dat ons soos God se kinders sal leef en die werk wat Jesus begin het, sal voltooi. Wat is ons troos? Ons het talente en ons het spanmaats, maar ons gaan ook hard moet oefen. Gelukkig het ons die beste moontlike Afrigter wat ons sal lei en begelei. God het ons nie alleen gelos op die sportveld of verhoog nie: Hy het vir ons voorsien. Hy gee die gawes; die plek waar ons met ons gawes kan dien; die geleenthede om te kan dien en bo alles die beste Afrigter wat daar kan wees: die Heilige Gees.

GEBEDSRIGLYNE:

- Watter goed sien jy rondom jou raak wat jou laat twyfel oor God se teenwoordigheid? Misdaadsyfers? Klimaatsverandering? Rampe? Kragonderbrekings? Oorlog? Al hierdie dinge

maak mense moedeloos en laat hul vra: Waarom tree God nie in nie? Pinkster is God se antwoord op hierdie vraag. Tydens Pinkster stuur God sy Heilige Gees. God het ons nié alleen gelos nie – Hy woon in elkeen wat God aanvaar het as Verlosser en Saligmaker. Bid dat ons die volheid van Pinkster ons eie sal maak.

- Dink hieroor na: in elke dorp in ons land is daar ‘n kerk, ‘n gemeente, of geloofsgemeenskap. Per definisie moes hierdie mense ook die Gees van God ontvang het. Dit is nie God wat nie sy kant nagekom het nie. Hoekom lyk die wêreld dan só? Kan dit dalk wees omdat mense nie hulle gawes uitleef nie; omdat hulle nog nie die krag van die Pinkster hul eie gemaak het nie? Dink na oor hoe ons kan ons aantree vir die Here se diens.

BOODSKAP 3: ONS HOOP LÊ DAARIN DAT DIE HEILIGE GEES MENSE VERANDER

SKRIFLESING: HANDELINGE 1:8, 2:4A, 2:14-36

1:8Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

2:4a Almal is met die Heilige Gees vervul…

14Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: 15Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. 16Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:

17"Só sal dit in die laaste dae wees, sê God:
Ek sal my Gees uitstort op alle mense:
julle seuns en julle dogters sal as profete optree;
julle jongmense sal gesigte sien;
julle oumense sal drome droom.
18Ja, op my dienaars en my dienaresse
sal Ek in daardie dae my Gees uitstort,
en hulle sal as profete optree.
19Ek sal tekens bo in die lug
en wonders onder op die aarde gee:
bloed en vuur en rookwolke.
20Die son sal pikdonker word
en die maan bloedrooi
voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom.
21So sal dit dan wees:
elkeen wat die Naam van die Here aanroep,
sal gered word.

22"Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. 23God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. 24Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. 25Van Hom sê Dawid:

"Ek het die Here altyd voor oë.
Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie.
26Daarom is my hart bly en my tong jubel,
ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe,
27want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie;
U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie.

[28]U het my die paaie van die lewe geleer;
u teenwoordigheid sal my met vreugde vul.
[29]"Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. [30]Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. [31]Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê:
"Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie,
en sy liggaam het nie vergaan nie.
[32]"God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. [33]Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.
[34]Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy:
"Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand
[35]totdat Ek jou vyande
aan jou onderwerp het.
[36]"Die hele Israel moet nou vas en seker weet:
God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"

INLEIDING

Ons sou Petrus 'n kontroversiële mens kon noem. Hy was baie impulsief: dit is hy wat sy visnette in die water gelos het toe Jesus hom en sy broer Andreas geroep het om dissipels te wees; dit is hy wat van die skuit afgeklim het en op die water wou loop, maar gesink het toe hy die groot golwe rondom hom raakgesien het; dit is hy wat meer as een keer uit sy beurt gepraat het; dit is hy wat die soldaat se oor afgekap het in die tuin van Getsemane. Petrus het ook weggehardloop toe Jesus gearresteer is. Daardie selfde nag, toe 'n diensmeisie in die binnehof van die hoëpriester se huis vir hom vra: "Is jy nie een van sy volgers nie?" het Petrus vir Jesus drie maal verraai. *Wat 'n bejammerenswaardige mens was hy nie!*

In Handelinge 2 kry ons weer vir Petrus. Hy spreek die skare toe en praat met gesag. Hy getuig oor die Jesus Christus wat Hy net twee maande vroeër verraai het. Die mense luister aandagtig na hom. Mens kan amper nie glo dat dit dieselfde mens is nie. *Wat 'n bewonderenswaardige mens was hy nie!*

Ons kan tereg die vraag vra: Wat is die verskil tussen die Petrus voor Pinkster en die Petrus op Pinksterdag? Wat het gebeur? Wat het die verandering gebring?

ONS HOOP LÊ DAARIN DAT DIE HEILIGE GEES ONS VERANDER

1. Die Gees verander ons binneste

Die dag toe Jesus na die hemel toe opgevaar het, het Hy aan sy dissipels die opdrag gegee om in Jerusalem te bly vir die uitstorting van die Heilige Gees. Daardie dag het die Here Jesus vir hulle gesê: "*Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom…"* (Hand 1:8). Vir die tien dae nadat Jesus die belofte vir hulle gegee het, het hulle in Jerusalem gebly. Hulle het die dae in gebed deurgebring. Ons lees dat hulle eendragtig was; hulle het die een begeerte gehad en dit was om die Gees van God te ontvang. En op die beloofde dag is die belofte vervul: "*Almal is met die Heilige Gees vervul."* (Hand 2:4). Dit beteken in kort dat Jesus in die persoon van die Heilige Gees in hulle kom woon het. Petrus sou Jesus hiervandaan nie net ken as Iemand wat hy in die vlees ontmoet het nie, maar Een wat **een** met hom geword het deur die Heilige Gees. Dit word 'n geestelike verhouding. Jesus woon nou **in** Petrus. Hy word Petrus se Kragbron. En wat 'n getuienis het nie op Pinksterdag van Petrus uitgegaan nie! Jy kan nie dink dat dit dieselfde mens is van wie ons vroeër gelees het nie. Almal kon sien dat hier iets groot in hierdie man se lewe gebeur het …

Ons het dalk nie vir Jesus in die vlees geken soos Petrus nie, maar dit beteken nie dat ons nié vir Jesus ken nie. Net soos wat Jesus deur die Heilige Gees in Petrus se lewe kom bly het, kom tree Hy ook met elkeen van ons wat in Hom glo in 'n verhouding. Deur sy Gees kom woon Hy in elkeen van ons wat glo. Petrus en die dissipels het vir tien dae voor Pinkster in gebed volhard. Ons kan almal van gebedsgeleenthede getuig; van tye wat ons in gebed deurgebring het en tye waar ons ons harte vir God oopgemaak het. Wanneer ons afwagtend op God wag, ontdek ons Hom opnuut en kom openbaar Hy Homself op nuwe en verrassende maniere. In sulke gebede is dit nie God wat verander nie – dit is óns wat verander. Dalk kan ons sê: wanneer ons biddend op die Here wag, daag die Heilige Gees op en verander ons binneste. Op die manier trek God ons nader aan Hom, sodat ons meer en meer soos Hy begin lyk. Is dit nie 'n bemoedigende gedagte nie? Deur sy Gees, werk God aan ons en vorm ons tot sy wil.

2. Ons kry nie net meer van die Gees nie; die Gees kry ook meer van óns

Pinkster was nie net vir die dissipels nie – dit was vir die hele kerk! God is steeds aan die werk. Soos God met Petrus-hulle gewerk het, so werk Hy ook met en in ons. Om Pinkster te vier sonder 'n verwagting is sinloos. Om Pinkster bloot te sien as die dag wat ons (meer van) die Heilige Gees ontvang is ook nie reg nie. In Petrus se boodskap op Pinksterdag leer hy dat dit 'n verkeerde verwagting is; ons ontvang nie (net) meer van die Heilige Gees nie – die Heilige Gees kry meer van

óns. Hierin het Petrus sy gehoor op Pinksterdag gelei en ons kan by hom gaan leer. Daar was ‘n vraag uit die gehoor: “*Wat moet ons dan doen, broers?”* (Hand 2:37). Die Gees van God het gewerk. Petrus was gereed met die antwoord: “*Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sonde vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang”* (Hand 2:38).

Innerlik moet daar ‘n verandering van gesindheid kom: bekeer julle! *Uiterlik* moet daar ‘n belydenis kom wat met ‘n handeling opgevolg word as ‘n simbool van vergifnis wat julle ontvang het. In hulle geval is dit met doophandeling bevestig. Neem die besluit! Staan op! En dan volg die mooiste belofte: “*En julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang”* (Hand 2:38). Kan jy jouself voorstel: hierdie eens kritiese gehoor luister na die geesvervulde Petrus, en dan kom drieduisend van hulle tot geloof. Wat ‘n opskudding moes dit nie in Jerusalem veroorsaak het nie?! En as mens daaraan dink, voel ons nog steeds die trillings van daardie dag tweeduisend jaar later. Jesus verander vandag nog menselewens deur die kragtige werking van die Heilige Gees.

3. Die Heilige Gees het die gemeenskap verander

Die mense wat op Pinksterdag deur Petrus se prediking tot geloof in die Here Jesus gekom het, se lewens het verander. Nie net het hulle hul toegelê op die leer van die apostels nie, daar was ook ‘n onderlinge verbondenheid tussen hulle wat veral sigbaar was in die gemeenskaplike maaltye wat hulle saam gevier het. Mense wat nie deel daarvan was nie, was jaloers. Hulle wou dit ook graag hê. (Dit was dalk een van die grootste trekpleisters in die vroeë kerk wat mense tot geloof gelei het.) Dan was daar ook gebedsgeleenthede waar hulle saam – deur die kragtige werking van die Heilige Gees – in die teenwoordigheid van Jesus Christus gekom het. Wat ‘n voorbeeld is dit nie!

Natuurlik was daar toeskouers wat net gekyk het wat aangaan. Maar in Petrus se boodskap is die oproep duidelik: staan op en klim af van die pawiljoen af. Die vraag aan Petrus was duidelik: “*Wat moet ons doen broers?”* (Hand 2:37). Petrus het geantwoord: “*Bekeer julle … laat julle gedoop word … God sal julle sondes vergewe … julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang…”* (Hand 2:38). Hulle het dit **gedoen** en daardie gehoorsaamheid het hulle hele lewe verander. Daardie verandering was sigbaar vir elkeen om te sien. Dit het nie net húlle lewens verander nie, maar ook dié van die gemeenskap waarin hulle gelewe het.

TEN SLOTTE

Petrus bly vir ons die voorbeeld. In sy jonger dae, was Petrus impulsief. Hy het al die antwoorde gehad, uit sy beurt gepraat en was soms voor op die wa. Sy gedrag was onsensitief, ondeurdag en onvolwasse. Toe hy die geleentheid gehad het om van Jesus te getuig, het hy Hom drie keer verloën. Toe die haan die nag kraai, het hy besef wat hy gedoen het, buitentoe gegaan en bitterlik gehuil (Luk 22:62). Toe hy die volgende dag die geleentheid gehad het om dinge reg te maak, was hy deel van die dissipels wat Jesus op 'n afstand gevolg het op pad Golgota toe. Maar soos baie groot leiers, het Petrus homself oorleef. Met Jesus se leiding en onder die invloed van die Heilige Gees, het Petrus meer (geestelik) volwasse geword, meer verstandig begin optree, en 'n meer Christus-agtige karakter ontwikkel. Wat het dan gebeur wat alles in Petrus se lewe verander het? Die Heilige Gees is op Pinksterdag uitgestort. Die dissipels is almal met die Heilige Gees vervul. En dan lees ons in Handelinge 2:14 dat Petrus opstaan en begin praat. Hy doen dit *"… onder leiding* van die Heilige Gees …" (Hand 2:14). Die Heilige Gees het sy lewe verander. As ons kyk na wat hy bereik het, is dit duidelik dat Petrus 'n wyse en 'n vreeslose leier geword het. Hy was nie bang was om op te staan vir die evangelie nie. Petrus, en sy belydenis oor Christus, word die rots op wie die Here sy kerk bou.

Petrus se verhaal help ons om te onthou dat ons verlede, ons tekortkominge, ons bekommernisse, ons misdade, ons foute – al die dinge wat ons so graag as verskonings gebruik – God se grootste vreugde is, want dit is deur ons onvolmaaktheid dat God sy genade en krag juis ten toon stel. Dit herinner ons dat dit nie óns is wat so oulik is nie, maar God wat so sterk is.

GEBEDSRIGLYNE:

- Sê dankie dat die Here nie moed opgee met ons nie, maar dat Hy aan ons werk en deur sy Gees ons verander.
- Bid dat die Here dit ook sal doen in ons lewens en in die lewens van ons leiers; dat die Here in mense se harte sal werk en ook die potensiaal wat in hulle opgesluit is na vore sal bring.

BOODSKAP 4: ONS HOOP DAT DIE HEILIGE GEES 'N GEMEENTE VERANDER

SKRIFLESING: HANDELINGE 2:37-47

37By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?" 38Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. 39Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep." 40Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: "Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit." 41Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. 42Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. 43Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 46Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, 47en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

INLEIDING

Daar is 'n bekende beeld van 'n padda wat in 'n pot water gesit word en die hitte wat dan stadig onder die pot aangedraai word. Aanvanklik, soos die water louwarm word, geniet die padda dit. Hy strek homself behaaglik uit, onbewus dat die water al warmer word. Wanneer die pot begin kook, is dit te laat. Dan is die padda nie meer in staat om uit die pot te spring nie. Ons kan hierdie beeld ook van toepassing op die kerk maak. Mense hoor Sondag na Sondag die Woord. Ons word deur die Woord *gestreel.* Ons strek onsself gemaklik uit, maar doen niks. Die moeilike vraag is egter: *Het die evangelie nog die krag om ons tot reaksie te bring?* Die gevaar is dat ons só deur die Woord gestreel kan wees dat ons dalk te laat uitvind dat die evangelie nie daar is om te streel nie, maar om tot reaksie op te roep. Om gestreel te word is net so dodelik as wat dit vir die padda in die pot was.

Kom ons gaan terug Jerusalem toe en gaan kyk wat gebeur het nadat die eerste Christene die evangelie gehoor en die krag daarvan beleef het. Die eerste gemeente is vir ons 'n goeie voorbeeld van mense wat nie net geluister het en toe huis toe is nie, maar mense wat gevra het wat die Here met hulle lewens wil maak: "*Wat moet ons doen broers?"* (Hand 2:36). Petrus het hulle geantwoord. Ons weet dat daar drieduisend mense daardie dag tot bekering gekom het. Maar wat nou? Ons het

hier te doen met ‘n nuwe lewe; ‘n lewe wat by die oorwinning van Jesus begin het en wat anders as hulle vorige lewe gelyk het. Dit was ‘n lewe onder beheer van die Heilige Gees; ‘n nuwe lewe wat nuwe verhoudings tot gevolg het en wat lei tot ‘n nuwe lewe as gemeenskap. Hoe lyk so ‘n lewe? Dit is ons vraag.

ONS HOOP DAT DIE HEILIGE GEES ‘N GEMEENTE VERANDER

1. Hulle het voluit gegaan

Daar is ‘n werkwoord in die gedeelte wat ons gelees het wat die sleutel is om alles verder te ontsluit. Dit is die woord wat met *heelhartig toegelê* vertaal is (Hand 2:42). Die woord kan ook vertaal word met *volhard* of dat hulle *voluit gegaan* het. Dít was die ingesteldheid: hulle het voluit gegaan.

Waarin het hulle *voluit gegaan?*

- *“In die leer van die apostels*.” Hulle het onderrig ontvang. Hulle het hulle verder laat onderrig. Hulle het verder gegroei. Hulle het daarvolgens gelewe. Die Woord van God het hulle hele lewe geraak en alles blywend verander.
- *“In die onderlinge verbondenheid.”* In die kerk het daar nuwe verhoudings gegroei. Mense neem verantwoordelikheid vir mekaar. Hulle het werklik vir mekaar omgegee. Hulle het selfs van hulle besittings verkoop om ander te help. Die Kommunisme sê: “*Jou goed is myne.”* Die Christen sê: “*My goed is joune.”*
- *“In die gemeenskaplike maaltyd.”* Ons lees dat die gelowiges elke dag bymekaar gekom het vir die gemeenskaplike maaltyd. Die maaltyd – wat in die aand gehou is – het verskeie betekenisse gehad. Die gemeente het in (kom ons noem dit maar) wyke verdeel en dan daagliks bymekaar gekom om gemeenskap met mekaar te kan hê. Op dié manier het die ryker lidmate vir die armer lidmate gesorg. Hulle het die wederkoms van Jesus só aktief verwag dat hulle elke aand ook die nagmaal gevier het, om hierdie verwagting dat Jesus gou weer gaan kom wakker te hou. Hulle het mekaar aangemoedig om te volhard totdat Jesus kom.
- *“In die gebede.”* Hierdie was een van die belangrikste dinge van hulle saamwees: om saam te bid. In dié opsig is hulle vir ons ‘n voorbeeld. Daar kan nie groei wees as daar nie gebed is nie en daar kan eers werklik gemeenskap in ‘n gemeente wees as hulle saam bid.

Die gedeelte wat ons saam gelees het, is in twee dele verdeel: vers 43 tot 47 is in baie opsigte ‘n herhaling van dit wat ons in vers 42 gelees het.

2. Hulle was eensgesind

In vers 44 lees ons: "*Al die gelowiges was eensgesind…"* Die gedagte van eensgesindheid is belangrik. Christene het net één Verlosser – Jesus Christus – en Hy bind hulle saam tot die volk van God. Die hele lewe in die gemeente draai om Hom en daarom is die gemeente gekenmerk deur hulle eensgesindheid, hulle mededeelsaamheid en hulle onderlinge liefde vir mekaar. Hier was mense wat diep onder die indruk was waarvan hulle gered is. Dit het die nuwe lewensbeginsel van hulle lewe geword en dit was oraloor sigbaar.

Vers 46 en vers 47 spel dit vir ons verder uit.

- *"Hulle het elke dag getrou bymekaar gekom."* Vers 46 sê dat hulle – bo en behalwe die aandgeleenthede – ook by die tempel bymekaar gekom het om God te dien. Daar by die tempel het hulle geleentheid gehad om teenoor die tradisionele Jode van hulle verlossing te getuig.
- En vir 'n tweede keer skryf Lukas in vers 46: "*Hulle het daagliks die gemeenskaplike maaltyd gevier."* Dit was in die konteks van hulle situasie so belangrik dat hy dit herhaal.
- *"Hulle het alles in eenvoud gedoen."* Daar was nie vertoon van hulle kant af nie; nie uitspattigheid of enige snaaksigheid nie. Hulle het niks gedoen om ander te beïndruk nie. Hulle was so bewus van die verskeidenheid van mense in die gemeente. Daar was rykes en armes, maar hulle het gekies vir 'n sober leefstyl en dit was hierdie leefstyl wat buitestaanders beïndruk het.
- *"Hulle het God geprys."* Ons lees in vers 47 dat hulle God geprys het. Daar word beweer dat die rede vir die lofprysing in die feit gelê het dat hulle die wederkoms van Jesus spoedig verwag het.

TEN SLOTTE

Kom ons gaan terug Jerusalem toe. Die tradisionele Jode kón die Christene verag het. Hulle het hulle as sektemense gesien; as mense wat die ware weg verlaat het. Die Jode het nie sagkens met sulke mense gewerk nie. En tog het die Christene die agting van die breër bevolking geniet. Hulle het só gelewe dat hulle deur hulle lewenswyse tot voorbeeld vir ander gedien het. Hulle onberispelikheid het so hard gepraat dat niemand ooit 'n vinger na hulle kon wys nie.

Ons praat in ons dag baie oor die relevansie van die kerk. Die vroeë gemeente in Jerusalem moet vir ons as spieël dien waarin onsself moet spieël en die vraag moet beantwoord: is ons dáár? Is ons dáár waar God ons geplaas met 'n roeping om juis dáár die verskil te maak. Die Woord het die gelowiges in die eerste gemeente se lewens verander. Daar was lering, maar daar was ook sigbare

vrug. Hulle het die samelewing waarvan hulle deel was, verander. Hulle het die nuwe waardes uitgeleef en daardeur die agting van die gemeenskap geniet. Dit was ‘n lewe onder beheer van die Heilige Gees.

Tydens Jesus se bediening het Hy die wet opgesom as: liefde vir God en liefde vir jou naaste. In sy gelykenisse en bediening onderstreep Hy herhaaldelik die belang van liefde vir ander – vir Samaritane, armes, siekes, vreemdelinge, vroue... Wanneer ons lief het, is ons gehoorsaam aan God. Om nie lief te hê nie is arrogant en hoogmoedig. Jaco Strydom skryf dat die teenoorgestelde van “liefde” is nie “haat” nie, maar “selfsug”. Wanneer jy nie liefhet nie, ag jy jou naaste se lewe as minderwaardig. Jesus se boodskap aan die dissipels was: gaan na *almal.* Jy is nie belangriker as die arme, die sieke, die slaaf, die gevangene, die onreine, die heiden. Jy is nie hier vir jouself nie – jy is hier vir ander. Hierdie gedagte daag ons uit: hoe dink ons oor “die ander”? En ook: hoe tree ons op teenoor “die ander” – die mense wat ons uit gewoonte miskyk, maar wat Jesus doelbewus deel gemaak het van sy bediening?

GEBEDSRIGLYNE:

- Raak stil en dink na aan die geloofsgemeenskap waarvan jy deel is.
- Vra jouself af: wat kan ons leer by die eerste gemeente?
- Sê dankie vir dit wat die Here al in julle gemeente gedoen het.
- Bid ook dat die Here julle sal bly vorm om volgens sy wil.

BOODSKAP 5: ONS HOOP DAT DIE NEGATIEWE OOK POSITIEF KAN WEES

SKRIFLESING: HANDELINGE 1:8 EN 7:54-8:8

1:8Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

54Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle van woede op hulle tande gekners. 55Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan. 56"Kyk," het hy gesê, "ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan." 57Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm, 58hom uit die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus. 59Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: "Here Jesus, ontvang my gees!" 60Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: "Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!" Met hierdie woorde het hy gesterwe.

8:1Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria. 2Godvresende mense het vir Stefanus begrawe en daar is baie oor hom gerou. 3Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit. 4Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. 5So het dit gebeur dat Filippus by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het. 6Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien wat hy doen, het hulle aandagtig na sy prediking geluister. 7Onrein geeste het met groot geskreeu uit baie mense uitgegaan, en baie wat verlam en kreupel was, is gesond gemaak. 8Daar was groot blydskap in daardie stad.

INLEIDING

Hudson Taylor staan bekend as een van die grootste sendelinge in die geskiedenis van die kerk. As tiener het jong Hudson weggeloop van sy hoogs-Christelike huis, maar op die ouderdom van 16 kom hy tot bekering nadat hy 'n pamflet gelees het. Kort na sy bekering in 1849, het hy as 'n jongman van 17 die roeping ontvang om die evangelie in China te gaan verkondig. Hy was begeesterd en opgewonde om die goeie nuus te deel in China, maar het moedeloos geword toe hy nêrens 'n sendingorganisasie kon vind wat bereid sou wees om hom te stuur nie. Dit moes 'n verskriklike negatiewe ervaring vir Taylor gewees het. Bewus van sy roeping, het hy hom toe as 'n mediese dokter bekwaam. Hy was nog nie behoorlik klaar met sy studies nie, of 'n organisasie stuur hom China toe. Dáár het hy die *China Inland Mission* gestig en vir 51 jaar die Here daar gedien. Tydens sy

begrafnis in 1905 is gemeld dat 750 000 mense onder die bediening van die *China Inland Mission* tot geloof in Jesus gekom het.

Praat van ‘n man wat ‘n negatiewe situasie in ‘n positief kon verander! Vandag kan ons spekuleer dat 'n mediese graad meer voordelig in die veld kon gewees het, dat hy volwasse geword het en belangrike insigte gekry het voordat hy na China gegaan het, ensovoorts. Dit is egter sekondêr aan die feit dat God se tyd en God se weë anders is as ons s'n, en die feit dat God selfs 'n persoon se teleurstelling kan gebruik en dit in iets voordeligs en positiefs kan verander.

ONS HOOP DAT DIE NEGATIEWE OOK POSITIEF KAN WEES

Met Jesus se hemelvaart gee Hy aan sy dissipels ‘n opdrag. ‘n Weergawe van hierdie opdrag kom in elke evangelie voor. In Matteus 28:19 sê Hy: “*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels.”* In Markus 16:15 sê Hy: “*Gaan uit, die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.”* In Lukas 24:48 sê Hy: “*Julle is getuies van hierdie dinge… julle sal met krag van bo toegerus word.”* In Johannes 15:27 sê Hy: “*En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My.”* Handelinge 1:8 is eintlik maar net ‘n samevatting van wat Hy reeds in gesprekke met sy dissipels gedeel het: “*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

Duidelik was die dissipels geroep om oor grense heen die goeie nuus te deel. As dit gaan oor die Jesus se opdrag aan ons, is Hy duidelik oor ***waar*** ons getuies moet wees en ***wat*** die inhoud van daardie getuienis sal wees.

1. Waar om te getuig?

Jesus is baie duidelik in sy opdrag aan sy dissipels van **waar** hulle sy getuies sal wees. Dit is nie net op een plek nie. Dit is nie *net* in Jerusalem nie. Kom ons luister net weer na sy woorde in Handelinge 1:8: *“Jerusalem … sowel as … asook … en …”* As ons baie mooi luister na wat Jesus gesê het, het Hy nié gesê dat hulle die werk in Jerusalem eers moet afhandel en dán aanskuif na Judea en daarna na Samaria en daarná na die ander lande in die wêreld gaan nie. Jesus praat duidelik van ‘n gelyktydige aksie: Jerusalem en terselfdertyd in Judea en terselfdertyd in Samaria en terselfdertyd in die uithoeke van die wêreld.

Die eerste gelowiges het in Jerusalem ‘n wonderlike, innige onderlinge gemeenskap gehad. Dit was lekker. Daar was ‘n warmte. Dalk was dit só lekker dat hulle totaal en al van Jesus se opdrag vergeet het. Op die stadium kan mens begin wonder: wanneer gaan die gelowiges nou uit Jerusalem gaan sodat die goeie nuus ook die mense in ander streke en lande kan bereik? En toe gebeur daar ‘n verskriklike ding: een van die gelowiges, Stefanus, word gestenig. Kort hierna breek daar ‘n groot vervolging van gelowiges in Jerusalem uit. Ons lees in Handelinge 8: “*Daardie dag het daar ‘n hewige vervolging in Jerusalem begin. Al die gelowiges … is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria”* (Hand 8:1). “*Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig. So het dit gebeur dat Filippus by ‘n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het”* (Hand 8:4).

Die vervolging moes sleg gewees het vir die vroeë kerk – party sou alles moes los en vir hul lewens vlug. Maar, gevul met die Heilige Gees het hulle so ver as wat hulle gegaan het in woord en daad getuig van Jesus Christus. Daar waar hulle gekom het, het mense tot geloof gekom. Praat van ‘n negatiewe situasie wat ten goede uitgedraai het! Onder andere het hulle gegaan na Samaria. Samaria was ‘n streek waar die Jode nie graag gekom het nie. Dink terug na hoe skeef die dissipels vir Jesus aangekyk het toe Hy met die Samaritaanse vrou gepraat het. Samaria is in die middel van Israel geleë – Galilea was Noord en Judea Suid met Samaria tussenin. Toe die Babiloniërs die Jode tydens die ballingskap weggevoer het, het hulle die armste mense in die land agtergelaat. Hierdie mense het met heidene ondertrou en ‘n nuwe groep is gevorm wat bekend geraak het as die Samaritane. Die Jode het ná hulle terugkeer uit die ballingskap, hierdie mense in een landstreek “ingedruk”. Hulle was nie toegelaat om by die tempel in Jerusalem te aanbid nie, want hulle is beskou as onrein, minderwaardig, en verraaiers. Daar is op hulle neergesien. Hulle is verag. Daarom verstaan ons waarom dit vir die dissipels so vreemd was toe Jesus op ‘n stadium deur Samaria wou reis op pad Galilea toe (Joh 4:4), want dit is ‘n gebied wat vermy is. En dan verstaan ons waarom hulle vreemd na Jesus gekyk het toe Hy met ‘n Samaritaan gepraat het – en dit by alles nog met ‘n vrou – want dinge is nie só gedoen nie.

Die apostels sou nooit uit hulle eie Samaria toe gegaan het nie! Toe die vervolging uitbreek het hulle egter nie veel van ‘n keuse gehad nie. Maar toe onthou hulle Jesus se woorde: “Julle sal my getuies wees...tot in Samaria...” Miskien het God dit juis so beskik dat hulle in Samaria moes kom; miskien is dit die vervulling van God se woorde voor sy hemelvaart; of miskien was hierdie die geleentheid waarvoor hulle gewag het: om oor grense heen die evangelie te verkondig. So kom die boodskap

van Jesus Christus in Samaria en hulle kom tot geloof. Die gemeente in Jerusalem stuur selfs later vir Petrus en Johannes Samaria toe om die gelowiges daar te bemoedig. Hier is ‘n duidelike voorbeeld van hoe God ‘n negatiewe belewenis omskep in iets positief. Kon God die vervolging stop? Ja! Maar in plaas daarvan gebruik God die momentum daarvan om die evangelie te versprei in Judea, Samaria, en tot in die uithoeke van die wêreld.

Dit bring ons by nog ‘n vraag: wat was die inhoud van die gelowiges se getuienis, dat hulle selfs bereid was om daarvoor te ly?

2. Waaroor om te getuig?

In Handelinge lees ons: “*Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig.”*(Hand 8:4). Met die *evangelie* word die blye boodskap of die goeie nuus van Jesus Christus bedoel. Petrus sou later in 1 Petrus 4:10 skryf: “*As goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God, moet elkeen, namate hy ‘n gawe ontvang het, die ander dien.”* Hy praat van “*bedienaars van die veelvuldige genade”* – dit is die inhoud van ons getuienis. In aardse terme het hulle nie eintlik iets gehad om te bied vir die mense in Judea en Samaria en so meer nie. Maar hulle het – gevul met die Heilige Gees en toegerus met genadegawes – met hulle lewe en leer getuig van die verlossing van sondes, die oorwinning oor die dood, en ‘n ewige lewe. So ver as wat die gelowiges gevlug het, het hulle getuig. Ek dink hulle het ook mense genooi na die maatskaplike maaltye toe, en die mense het eerstehands die liefde van Jesus beleef.

Die vervolging van die gelowiges – hoe sleg dit ook al was – was dalk die beste ding vir die kerk en die verspreiding van die goeie nuus. Plek-plek het daar ‘n klomp mense hulle harte vir die Here gegee, hulle laat doop en deel geword van die kerk. So het die kerk gegroei en versprei. Op die manier het God iets sleg soos vervolging gevat en dit omskep in iets positief. Paulus sou later sê dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom lief het (Rom 8:28). Deur die vervolging (of eerder, ten spyte van die vervolging) het die kerk getrou gebly aan die opdrag van Jesus: om te gaan na die uithoeke van die wêreld. Natuurlik was dit nie die werk van enkele persone nie, maar die werk van die kerk as geheel. Een het geplant, ‘n ander het natgegooi, maar op die ou end was dit God wat die saadjie van geloof onder die dooie grond laat ontkiem (1 Kor 3:6). Dit is ons as Christene se geheim: om elke situasie te gebruik om onder die leiding en met die krag van die Heilige Gees ‘n verskil te maak.

TEN SLOTTE

Toe die Ester die koningin van Persië geword het, het sy nie verwag dat sy eendag haar lewe sou moes waag deur namens die hele Joodse volk voor die koning te verskyn nie. Mordegai se woorde aan haar was: *"...Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!"* (Es 4:14). Haar waagmoed het die lewens van die hele Joodse volk gered. 'n Moeilike situasie het die geleentheid geword om God se lig te laat skyn, en dit het 'n ingrypende verskil gemaak. Toe die gelowiges van die vroeë kerk vervolg is, en hulself in vreemde lande bevind het, sou hulle seker ook hierdie woorde vir mekaar kon sê: "Miskien is dit juis vir 'n tyd soos hierdie wat Jesus ons geroep en gestuur het."

Slegte tye is deel van die lewe. Selfs goeie gelowiges staan voor moeilike keuses en ervaar slegte dinge. Ons kan dit nie altyd keer nie en ons het nie altyd daaroor beheer nie. Maar die Bybel leer vir ons dat ons in hierdie tyd steeds 'n verskil kan maak; dat ons in sulke tye júís 'n verskil kan maak. As ons so na ons land, ons gemeenskappe, ons gemeentes kyk, dan moet onsself dalk afvra: is dit nie juis vir 'n tyd soos hierdie dat God ons geroep het om sy lig te wees nie?

GEBEDSRIGLYNE

- Dink aan die kere wat die Here al in jou lewe alles ten goede laat meewerk het. Sê dankie daarvoor.
- Kyk na wat aan die gang is in ons gemeentes en gemeenskappe, ons dorpe en stede, ons land en die wêreld. Bid vir mense vir wie slegte dinge en negatiewe goed tans 'n oorweldigende realiteit is.
- Bid om die Here se troos, steun, ingryping of 'n uitweg daar waar die situasie hopeloos lyk.

BOODSKAP 6: ONS HOOP DAT GOD ONS GEBEDE VERHOOR

SKRIFLESING: HANDELINGE 12:1-19

[1]In dié tyd het koning Herodes party van die gemeentelede laat vang en hulle mishandel. [2]Hy het vir Jakobus die broer van Johannes met die swaard laat doodmaak. [3]Toe Herodes sien dat dit by die Jode byval vind, het hy nog verder gegaan en ook vir Petrus gevange laat neem. Dit het tydens die fees van die ongesuurde brood gebeur. [4]Nadat Herodes vir Petrus laat vang het, het hy hom in die tronk gesit en hom deur vier afdelings van vier soldate elk laat bewaak. Herodes wou hom ná die paasfees voor die volk bring. [5]So is hy dan in die tronk bewaak, maar die gemeente het aanhoudend vir hom tot God gebid.

[6]Die nag voordat Herodes hom voor die volk sou bring, het Petrus tussen twee soldate geslaap. Hy was met twee kettings geboei, en voor die deur het wagte die tronk bewaak. [7]Meteens staan daar 'n engel van die Here en skyn daar 'n lig in die sel. Die engel vat toe aan Petrus se sy om hom wakker te maak en sê vir hom: "Staan gou op." Onmiddellik het die boeie van sy hande afgeval. [8]Toe sê die engel vir hom: "Maak jou gordel vas en trek jou skoene aan." Petrus het dit gedoen, en toe sê die engel vir hom: "Trek jou bokleed aan en kom saam met my." [9]Petrus het agter die engel aan uitgegaan sonder om te besef dat hy werklik bevry word. Vir hom het dit gelyk asof hy 'n gesig sien. [10]Hulle is by die eerste wag verby en ook by die tweede, en toe hulle by die ysterdeur kom wat na die stad toe lei, het dit vanself vir hulle oopgegaan. Toe hulle buite kom en 'n ent met die straat af was, het die engel vir Petrus skielik verlaat. [11]Toe dring dit tot Petrus deur wat met hom gebeur het en hy dink: nou besef ek eers regtig dat die Here sy engel gestuur het om my uit die hande van Herodes te red en van alles wat die Joodse volk van plan was om te doen. [12]Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is, waar baie gelowiges saam was om te bid. [13]Hy het aan die voordeur geklop, en 'n diensmeisie met die naam Rodé het kom hoor wie dit is. [14]Toe sy Petrus se stem herken, was sy so bly dat sy nie die deur oopgemaak het nie, maar binnetoe gehardloop het om te vertel dat Petrus by die deur staan. [15]Maar hulle sê vir haar: "Jy is mal." Toe sy egter daarmee volhou, sê hulle: "Dan is dit sy gees." [16]Intussen het Petrus aangehou klop. Toe hulle die deur oopmaak en hom sien, was hulle baie verbaas. [17]Hy het met sy hand vir hulle gewys om stil te bly en vir hulle vertel hoe die Here hom uit die tronk uitgelei het. "Vertel dit vir Jakobus en die ander gelowiges," het hy gesê en na 'n ander plek toe vertrek. [18]Toe dit dag word, was die soldate nie min ontsteld oor wat van Petrus geword het nie. [19]Herodes het hom laat soek, en omdat hulle hom nie kon kry nie, het hy die wagte verhoor en bevel gegee dat hulle doodgemaak moet word. Hierna het Herodes van Judea af na Sesarea toe gegaan en 'n tyd daar gebly.

INLEIDING

In sy Bybelse dagboek, *Vir Hierdie Dag*, skryf Prof Mias de Klerk in 'n oordenking oor Handelinge 12: "*Gelei deur die engel, die bode van God, wag die een verrassing na die ander vir Petrus. Die boeie val van sy hande af. Die ondeurdringbare ysterdeur swaai oop. Die getuie van die Here Jesus Christus*

ontdek dat die onmoontlike, moontlik is. As die Here jou deur sy bode wek in jou boeie, wat dit ook al mag wees, staan dan op en volg hom. Die een belemmering na die ander val weg op die pad van gehoorsaamheid. Staan dan op, maak jou gereed, trek jou klere aan en ontdek die ysterdeur swaai as't ware vanself oop."

In 'n sekere sin het die Here die sleutels om die ysterdeure op ons pad oop te sluit, vir ons gegee. Die gelowiges het vir Petrus se vrylating gebid, en God het hulle gebede verhoor. Wat 'n getuienis! Wanneer mense saam bid, hoor God. Tewens, God hoor nie net nie – Hy tree ook op! Ons glo dat daar krag in gebed is. Wanneer ons bid, glo ons dat God ook óns hoor. Ons plaas ons hoop daarop.

ONS HOOP DAT GOD ONS GEBEDE VERHOOR

1. Agtergrond vir Handelinge 12

Die Romeinse Ryk was groot en sterk; vir eeue lank was hulle soos die Grieke en die Perse vóór hulle dié groot wêreldmag. Soos hulle een na die ander land oorgeneem het, het hulle die gebruik gehad om mense van die betrokke land aan te wys om oor hulle eie mense te regeer – natuurlik onder Rome se toesig. So het Rome ook toe hulle Israel beset het in 37 v.C. vir Herodes die Grote aangestel om oor die Jode te regeer. Hy was die koning toe Jesus gebore is. Hy sterf kort na Jesus se geboorte, en na sy dood is Israel tussen sy drie seuns verdeel: Argelaos, Herodes Antipas en Philip. Herodes Antipas was koning oor Galilea en Samaria tydens Jesus se bediening op aarde. Die Herodes van wie ons in Handelinge 12 lees, is Herodes Agrippa – die seun van Herodus Antipas en die kleinseun van Herodes die Grote. Ons praat dus van 'n derde geslag koning uit dieselfde huis.

Konings, soos die Herodusse, wat namens Rome opgetree het, was altyd bang vir oproerigheid en onrus, want dit sou negatief op hulle vermoë om te regeer reflekteer. Indien hulle nie wet en orde kon handhaaf nie, kon hulle uit hul posisie verwyder word. Dit het blykbaar met Argelaos, een van Herodes die Grote se drie seuns, gebeur. Die Herodes van wie ons in Handelinge 12 lees, Herodes Agrippa, sou dus enige vorm van oproerigheid of wanorde vroeg in die kiem smoor, want sy posisie (en al die voordele wat daarmee gepaard gaan) sou dan in gedrang wees. Die Jode het dit geweet en hulle het ook die situasie uitgebuit.

Die Jode kon die Christene nie verdra nie. Sedert die uitstorting van die Heilige Gees en die stigting van die Christelike Kerk in Jerusalem was daar maar altyd spanning tussen die tradisionele Jode en

die volgelinge van Jesus. Hierdie spanning het eintlik alreeds tydens Jesus se bediening op aarde begin, maar het veral ná die stigting van die kerk toegeneem. Tydens die jaarlikse viering van Paasfees, toe daar Jode van heinde en verre na Jerusalem gekom het, het hulle onder mekaar begin konkel en Herodus probeer manipuleer met die moontlikheid van 'n opstand. Die Jode het Herodus gewaarsku teen die Christene, en hom oortuig dat hy sy pos kwyt gaan wees as hy nie teen hulle optree nie. Wat moes hy doen? Hy moes 'n voorbeeld van die Christene maak – dit sou al die spanning ontlont. Herodus het geval vir hulle slimpraatjies, en hy het byvoorbeeld vir Jakobus, die broer van Johannes, sonder 'n verhoor tereggestel deur hom te onthoof met 'n swaard.

In Handelinge 12 lees ons dat Herodes ook vir Petrus laat vang en in die tronk laat opsluit het. Hy sou vir Petrus ná die Paasfees verhoor en heel moontlik laat tereggestel om die Jode tevrede te stel. Die Jode was heel in hul skik met hulle planne. Daar is skrywers wat beweer dat Herodus bang was vir Petrus se invloed en daarom versigtiger was in sy hantering van Petrus se saak. Nietemin, hy het vir Petrus laat toesluit en deur ten minste sestien soldate laat oppas.

2. Die gemeente bid

In Handelinge 12:5 lees ons "...*die gemeente het aanhoudend vir hom* (Petrus) *tot God gebid."* Kort hierna lees ons ook van Petrus se wonderbaarlike bevryding uit die tronk. Terwyl die soldate wat hom opgepas het, aan die slaap geraak het, het 'n engel van die Here aan hom verskyn. Die boeie het van sy hande afgeval, die deur van die tronk het oopgegaan, die engel het 'n ent straataf saam met hom gestap en toe het die engel eenvoudig in die niet verdwyn. En daar staan Petrus. Wat nou? Waarheen moet hy nou gaan? Petrus besluit om te gaan na Markus se ma se huis. Ons lees dat daar gelowiges bymekaar was om saam te bid (Hand 12:12). Hulle was heel moontlik besig om vir Petrus te bid; vir sy vrylating.

Toe hy by die deur kom, klop hy. 'n Diensmeisie met die naam van Rodé vra wie daar is. Petrus sê dat dit hy is. Sy herken sy stem, los hom net daar buite staan en hardloop na die bokamer toe waar die gelowiges besig was om saam te bid; waar hulle besig is om vir Petrus se vrylating te bid. Sy sê vir hulle dat Petrus by die deur staan. *"Jy is mal"* sê een; *"dalk is dit 'n gees"* sê 'n ander (Hand 12:15). Hulle wil nie vir Rodé glo nie, al bring sy eintlik die nuus dat hulle gebede verhoor is. Hulle wil haar nie glo nie. Hulle stuur haar weg sodat hulle kan aanhou bid vir Petrus wat by die voordeur staan en klop...

Hier kan mens mos die vraag vra: Maar wat het julle verwag? Julle het dan gebid vir Petrus se vrylating?! Dalk kan mens ook vra: Het die gelowiges getwyfel in die krag van gebed? Het hulle gebid sonder ‘n verwagting?

Toe hulle uiteindelik die deur oopmaak, “… *was hulle baie verbaas”* (Hand 12:16). Hulle kon nie hulle oë glo nie. Hier staan hulle vriend Petrus, en hy begin aan hulle vertel hoe die Here hom op ‘n wonderbaarlike wyse uit die tronk bevry het. Omdat sy lewe in gevaar was, het Petrus van daar af vertrek na ‘n ander plek; ‘n plek waar hy buite die Jode se bereik is.

Hierdie verhaal bevat ‘n wonderlike voorbeeld van gebedsverhoring en ‘n belangrike les as dit kom by om te bid met ‘n verwagting. Is dit nie ironies hoe die gelowiges bid vir Petrus se vrylating, maar toe die antwoord op hul gebede aan die deur klop, hulle dit nie glo nie? Het die gelowiges dat gebid sonder ‘n verwagting dat God hulle hoor en kan optree? Het hulle eintlik getwyfel of God regtig kan intree? Toe Rodé by die deur kom, herken sy Petrus se stem by die deur. Die antwoord op hulle gebede staan aan die anderkant van die deur, maar sy maak nie die deur oop nie. Kan God regtig ons gebede verhoor? Miskien het sy al gesien hoe die tronk se kettings en ysterdeure lyk. God is magtig, maar hierdie is dalk bietjie vergesog! Sy hardloop na die vertrek waar die gelowiges besig is om te bid. “Ek dink Petrus is by die voordeur! Ons gebede is verhoor!” Hulle reaksie? “Jy is mal...dit is seker sy gees. Los ons nou dat ons verder vir Petrus kan bid.”

Dalk was hulle so bang en in skeptisisme gedompel na die dood van soveel ander gelowiges, dat hulle gesukkel het om te glo dat Petrus uit ‘n Romeinse tronk kon ontsnap het. Hulle was net realisties. Dalk het hulle verwag en gebid dat Petrus vrygelaat sou word by sy verhoor. In hulle gebede wou hulle dalk God voorskryf oor hoe die wonderwerk moet lyk. En is daar nie ‘n wonderlike les hierin opgesluit nie: Ons verwag nog en bid nog, en te midde van ons onsekerheid en weerloosheid, het God reeds die ratte aan die gang gesit om iets ongelooflik te doen!

TEN SLOTTE

Hoe maklik bid ons nie soos die gelowiges in Handelinge 12 nie? Wat is die gesindheid waarmee ons bid? Bid ons ook voorskriftelik: “Here, help ons, maar help ons só.” Of bid ons met die verwagting dat God op sy manier en op sy tyd sal optree? Glo ons dat God nog wonderwerke kan laat gebeur, of is ons te blind en doof daarvoor wanneer dit aan die voordeur klop. Dalk is dit goed om onsself in

hierdie Pinkstertyd te herinner: ons leef in moeilike tye en onder moeilike omstandighede. Die inhoud van die gebede getuig hiervan.

Wanneer ons bid, loop ons die gevaar dat dit in ‘n monoloog ontaard; ons rammel ‘n klomp gedagtes af, sê ‘n rympie op, of gee ‘n lysie van alles wat die Here vir ons moet doen. Dit word ook baiemaal ‘n gewoonte – iets wat ons doen sonder ‘n verwagting. Ons vergeet dat gebed eintlik ‘n gesprek is waar ons ook kan stil raak en luister. In gebed raak ons opnuut bewus (of herinner ons onsself) dat God aan die werk is in ons lewens. Deur te bid kom tree jy ook vir diens – jy kom stel jouself beskikbaar vir die Here se werk en maak jy jouself oop vir die Here se werk. Dalk lei die Here jou om die antwoord op ander se gebede te wees. In gebed kom belyn ons ons eie lewens met God se wil – nie andersom nie. Deur te bid raak ons bewus van God se teenwoordigheid in ons lewens wat moontlik is deur die Heilige Gees. Ons vergeet dat gebed nie noodwendig vir God verander nie, maar óns verander.

Kom ons neem God op sy woord en ons glo dat Hy ons verhoor; kán en sál verhoor. Laat ons lewenswyse, ons gesprekke, ons beplannings, ons verhoudings hiervan getuig. God het reeds die sleutels van die ysterdeure in ons hande geplaas. Kom ons dank God en vertrou dat Hy ook ons oë sal oopmaak wanneer die antwoord op ons gebede aan die deur klop.

GEBEDSRIGLYNE

- Dink aan die kere wat jy vir iets gebid het en dit ontvang het. Sê dankie daarvoor.
- Dink ook aan die kere wat jou gebede nie verhoor het nie – dalk was die tyd nie ryp nie of dalk het die Here jou beskerm.
- Dink aan die ysterdeure wat jou tans oorweldig. Bid dat die Here vir jou ook die sleutels sal gee om dit oop te maak.
- Vra die Here om jou sal help om reg te bid, en te luister as gebedsverhoring aan die voordeur klop.

BOODSKAP 7: ONS HOOP DAT GOD ONS OP ENIGE PLEK KAN GEBRUIK

SKRIFLESING: HANDELINGE 18:1-3, 24-28; 1 KORINTIËRS 16:19

[1]Hierna het Paulus Atene verlaat en na Korinte toe gegaan. [2]Daar het hy vir Akwila, 'n Jood wat in Pontus gebore is, ontmoet. Hy het kort tevore saam met sy vrou, Priscilla, uit Italië daar aangekom, nadat keiser Claudius beveel het dat al die Jode Rome moet verlaat. Paulus het hulle gaan opsoek, [3]en omdat hulle net soos hy tentmakers van beroep was, het hy by hulle ingetrek en saam met hulle gewerk.

[24]Intussen het daar 'n Jood met die naam Apollos, wat in Aleksandrië gebore is, in Efese aangekom. Hy was 'n begaafde spreker met 'n deeglike kennis van die Skrif. [25]Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer; maar die doop waarvan hy geweet het, was net dié van Johannes. [26]Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek. Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die leer van God nog duideliker gemaak. [27]Toe Apollos na Agaje toe wou gaan, het die gelowiges hom aangemoedig en vir hom 'n brief saamgegee aan die gelowiges daar om te versoek dat hulle hom vriendelik moet ontvang. Daar aangekom, was hy tot groot hulp vir dié wat deur die genade van God gelowig geword het, [28]want hy het die Jode in die openbaar kragtig weerlê en uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is.

1 Kor 16:19Die gemeentes van die provinsie Asië stuur vir julle groete. Van Akwila en Priscilla en ook van die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom: baie groete in die Here.

INLEIDING

Die bekende teoretiese fisikus Albert Einstein het vir jare lank klas gegee aan die Universiteit van Princeton. Dit is ook dáár waar hy sy relatiwiteitsteorie ontwikkel het. Na hierdie "ontdekking" sou wetenskapsbeoefening nooit weer dieselfde wees nie, en tog sal jy nêrens 'n gedenkplaat of 'n monument ter ere van Albert Einstein by Princeton vind nie. Dit was Einstein se wens dat hulle niks tot sy eer sal oprig nie en Princeton het dit gerespekteer. Einstein het gesê: "*Grootheid is nie selfgerig nie. Jyself is nooit die middelpunt nie."* Dalk is dit ware wysheid: Om na die groter prentjie te kyk en te besef dat die heelal nie om jou draai nie. Dit beteken nie hulle is minder belangrik nie – dit is 'n les in nederigheid. Maar hoogmoedige mense soek erkenning en roem; nederige en bedagsame mense erken ander en besef dat hulle slegs 'n klein rolspeler is in 'n veel groter storie.

Met dit in gedagte, kom ons draai na vandag se Skriflesing. Ons lees so byna terloops van Akwila en Priscilla in die Nuwe Testament. Vir die meeste van ons is dit net name – dalk is dit goed so, want hulle sou nie beroemd wou wees nie. Maar as mens hulle 'n bietjie van naderby bekyk, kom mens

agter watter enorme rol dié twee mense in die vroeë kerk gespeel het. Wanneer ons na hul lewens kyk, sien ons hoe die Here hulle op verskeie plekke gebruik het. Wanneer ons dan vanuit hul lewens na ons kyk, leer ons ook dat die Here ons op enige plek kan gebruik.

ONS HOOP DAT GOD ONS OP ENIGE PLEK KAN GEBRUIK

1. Akwila en Priscilla – die tentmakers

Toe Paulus van Atene na Korinte gegaan het, ontmoet hy vir Akwila en Priscilla. Hulle was bekwame leerlooiers wat nes hy van Joodse afkoms was en tente gemaak (Hand 18:3). Voordat hulle in Korinte gekom het, het hulle in Rome gewoon waar hulle hul leerprodukte verkoop het. Hulle was ook deel van die gemeente daar. Ons lees in Handelinge 18:2 egter van 'n vreemde insident: Keiser Claudius het al die Jode verban uit Rome. As mens bietjie deur die geskiedenisboeke blaai, lees jy dat Claudius baie immigrante – die Jode by name – in die jaar 49 n.C. uit Rome verban het.

Daar is baie teorieë oor wat aanleiding gegee het vir hierdie drastiese optrede. Volgens die skrywer Suetonius, blyk dit dat die Jode kort-kort betrokke was by oproere in die stad en op grond daarvan verband is. Suetonius skryf hierdie oproere toe aan 'n sekere "*Krestus"*. Hierdie *Krestus* verwys natuurlik na (Jesus) Christus, en oproere verwys heel moontlik na konflik tussen tradisionele Jode en die Joodse Christene (die gelowiges van Joodse afkoms wat volgers van Jesus geword het). Vir die tradisionele Jode was die Christene ketters – veral omdat die wortels van die geloof Joods is (Jesus wat die Seun van God, die Koning van die Jode, die beloofde Christus en Joodse Messias genoem is). Akwila en Priscilla was deel van die groep wat mense wat op sterkte van hul geloofsoortuigings deur Claudius uit Rome verban is. Ná hulle verbanning, gaan vestig hulle hulle in Korinte waar hulle voortgaan met hulle beroep as leerwerkers. Daar in Korinte was hulle aktief in die gemeente betrokke en hulle huis se deur het in die besonder vir Paulus oopgestaan.

Paulus het by hulle tuisgegaan toe hy in Korinte gewerk het. Dit was 'n natuurlike vriendskap: al drie was Romeinse burgers van Joodse afkoms wat nou in Jesus glo, en al drie het tente gemaak. Bedags het hy saam met hulle gewerk om só in sy lewensonderhoud te voorsien, en saans het hy die evangelie met die mense gedeel. Hy het vir agtien maande by hulle gebly. In dié agtien maande het Paulus ongelooflike werk in belang van die verlossing deur Jesus Christus gedoen. Hoewel dit nie daar staan nie kan, kan ons mos aflei dat Akwila en Priscilla instrumenteel was in Paulus se bediening. Hulle gasvryheid en ondersteuning het dit moontlik gemaak dat Paulus die groot taak wat God vir hom gegee het uit te voer. Akwila en Priscilla het dalk nie al die erkenning gekry vir hul

werk nie, maar dit het ook nie vir hulle saak gemaak nie. Hulle het geweet dat hulle bloot net rolspelers is in ‘n veel groter storie.

2. Apollos – die nuwe sendeling

Paulus was nie die enigste gas in Akwila en Priscilla se huis nie – ons lees van nog ‘n man oor wie hulle hulself ontferm het. Hierdie man se naam was Apollos. Ons lees in Handelinge 18:24 dat Akwila en Priscilla na Efese verhuis het. Dit is hier wat die Here vir Apollos oor hulle pad stuur. Apollos was ‘n Joodse Christen wat in Alexandrië in Egipte grootgeword het. Ten tye van die Nuwe Testament het daar ten minste een miljoen Jode in Alexandrië gewoon. Die stad het bekend gestaan as die akademiese hoofstad van die wêreld. Apollos was vermoedelik ‘n intelligente jongman wat ‘n goeie universiteitsopleiding gehad het. Hy was deeglik opgelei in die Joodse denke en het die Ou Testament baie goed geken. Hy moes êrens op sy pad met die lering van Johannes die Doper te doen gekry het. Hy was so aangegryp dat hy gedoop is en die leringe van Johannes vurig verkondig het. Hy was ook intelligent genoeg om die lyn tussen die voorspellings van die Ou Testament na Jesus toe te kon trek, hoewel hy nie veel van Jesus geweet het nie. En so kom hy in Efese aan waar hy die gelowiges leer ken het. Akwila en Priscilla het hom gehoor en besef dat daar ongelooflike potensiaal in hierdie jongman opgesluit lê. Êrens het iets geskort. Akwila en Priscilla het hom in hulle huis ingeneem waar hulle hom gehelp het om die gapings te vul om die Skrif nòg beter te verstaan. Daarna is Apollos uitgestuur. Hy het ‘n kragtige instrument in die Here se hand geword.

3. Wat leer ons by Akwila en Priscilla?

As mens kyk na hierdie twee mense, is mens gelyktydig dankbaar dat en verwonder oor hoe God hulle gebruik het. Hulle het van hulle verleentheid ‘n geleentheid gemaak. Hulle het nie gaan lê nie; nie vir God verwens oor dit wat hulle in Rome oorgekom het nie. In Korinte was daar nuwe geleenthede en hulle het dit aangegryp. Toe hulle in Efese kom, moes hulle ook by die gemeente ingeskakel het, want anders sou hulle nie vir Apollos ontmoet het nie. Hulle het nooit die roem vir hulleself opgeëis nie. Hulle het nooit self in die kalklig gaan staan nie, maar ander gehelp sodat die lig beter op hulle kan skyn. Vir Paulus het hulle huisvesting gebied en hom in staat gestel om sy werk te doen om op dié manier in sy lewensonderhoud te voorsien. Vir Apollos het hulle in die volle waarheid van die evangelie ingelei. Apollos het groot roem verwerf as ‘n bekende prediker destyds. ‘n Mens lees nie baie van die twee mense wat agter beide van hulle – Paulus en Apollos – gestaan het nie. Hulle het self nooit die wêreld ingegaan met die evangelie nie, maar hulle het vir Paulus en Apollos gehelp om dit te doen.

Petrus skryf in sy eerste brief oor die gawes van die Heilige Gees (1 Pet 4:7 – 11). In vers 9 skryf hy: "*Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla."* Hy is die enigste skrywer wat *gasvryheid* as een van die gawes van die Heilige Gees vermeld. Akwila en Priscilla is twee voorbeelde van die waarde van gasvryheid. Toe hulle in Rome, Korinte en Efese was, was hul toegewyde gelowiges. In Korinte was hulle gasvry teenoor Paulus en in Efese was hulle gasvry teenoor Apollos. Hierdie paartjie was dalk nie groot predikers of dinamiese leiers nie; ons lees ook nie dat hulle wonderwerke gedoen het of in tale gepraat het nie. Wat was hulle groot bydrae in die kerk dan? Hulle was gasvry. Hulle huis was oop en tot beskikking vir die Here se werk. Paulus en Apollos (en dalk nog talle ander waarvan ons nie eers weet nie) het by hulle tuisgegaan. Hulle verhaal herinner ons: God kan jou gebruik daar waar jy is met dit wat jy het. Dit is 'n vertroostende gedagte. Hulle nederigheid en die feit dat hulle agter die skerms gewerk het is ook vir ons tot voorbeeld. Soms gaan daar nie hoofstukke aan jou toegewy word nie, en mense gaan nie noodwendig jou naam onthou nie. Maar dit is nie belangrik nie! Wyse en bedagsame mense wy nie hulle lewe toe aan die Here vir erkenning of roem nie; hulle is tevrede met die wete dat hulle 'n klein rolspelers is van 'n groter storie.

TEN SLOTTE

Ons is baiemaal entoesiasties om vir die Here te dien, maar ons is ook baie lief vir ons gerief. Ons is lief om geld te gee vir 'n goeie saak of om ou klere te gee vir die kerk se klerebank; maar dan voel ons dat ons ons kant gebring het. Basies sê ons: Ek wil die Here dien, maar ek doen dit met voorwaardes. Jesus wou egter nie hê ons moet ons lewe kompartementaliseer nie – ons geloof moet oorspoel na elke aspek van ons lewens. Alles wat ons doen word die getuienis van ons geloof. Hoe ons eet, slaap, werk, aanbid en hoe ons mense in ons huis ontvang. Geloof is nie 'n lysie goed wat ons kan afmerk nie – soms kom vra dit 'n paar ongemaklike goed. Dit vra dat ons optree en soms goed doen wat vir ons moeilik is. Geloof vra dat ons oor ras- en kultuurgrense vriende maak, uit reik na vreemdelinge, om ons vyande te vergewe, en God se wil soek. Jesus sê in Matteus 6:33 dat ons in alles wat ons doen eers die koninkryk van God moet soek, want dan sal Hy vir ons sorg.

GEBEDSRIGLYNE

- Bid: Here, hier is ek. Gebruik my soos ek is, waar ek is, met dit wat ek het.
- Bid ook: Here, vergewe my die kere wat ek hoogmoedig was en erkenning gesoek het. Maak my tevrede om 'n klein rolspeler in U groter verhaal te wees.